

28 September

Skrifgedeelte: Habakuk 2:20 – 3:6

Fokusgedeelte: Habakuk 3:2

Is God se wil in ons gebedsfokus?

Dit is so belangrik dat ons in ons lewe gelowig op die Here en sý werk sal bly fokus. In ons land en in ons persoonlike lewe is daar baie sake wat ons fokus van God af kan wegdraai: geweld, misdaad, korrupsie, regsverkragting, persoonlike sondes. In Habakuk se tyd 2 600 jaar gelede het dit ook voorgekom. Maar saam met Habakuk moet ons ook deur gebedstryd en gebedsworsteling tot *gebedsoorwinning* kom.

Habakuk is met *heilige eerbied* vir God vervul. In sy gebed lê Habakuk sy volk se nood voor God neer. In Juda is daar soveel onreg en geweld. Die Here stuur die goddelose Chaldeërs om die volk vanweë hulle afvalligheid te straf. Hoe lank moet Habakuk om hulp roep – maar God hoor skynbaar nie. Hy help nie. Ons kan ook, soos Habakuk, byna in moedeloosheid bid: Here, hoor U dan nie? Sien U dan nie ons nood raak nie?

Dan antwoord die Here die profeet waar hy op sy wagtoring op die Here se antwoord wag. Uit sy heilige tempel, die hemel, antwoord God: *Swyg voor Hom, o ganse aarde* (2:20). Die Here sien die onreg raak. Sy volk se nood gaan nie ongesiens by Hom verby nie. Maar die Here sal op sý tyd die onreg straf – die goddelose Chaldeërs én die sondes van Juda. So kom Habakuk tot geloofsaanvaarding, tot gebedsoorwinning. Sy gebedsfokus is nou nie meer die Chaldeërs en selfs sy volk Juda en sy eie lewe nie. Nee, die profeet *verootmoedig* hom in heilige eerbied voor God. Hy het die *tyding aangaande God verneem* (3:2). Die Here het sy profeet onderrig om op God en sy wil te fokus.

Ja daar is onreg en geweld, daar is soveel in ons land en in die wêreld en in ons eie lewe wat ons wég van God laat fokus. Ons wil ook dan vra: Here, sien U nie die onreg raak nie? Wil U nie help nie? Kom dan, soos Habakuk, tot rus, tot *gebedsoorwinning* in die Here. Fokus in u lewe op God se wil en werk – sonder om ooit die onreg en sonde deur die vingers te sien. *Here, roep u werk in die lewe in die midde van die jare* (3:2). Laat u dade tog in ons tyd ervaar word. Te midde van onreg en geweld, Here, laat u werk, u koninkryk kom – al is dit deur oordele heen. Nie die bose Chaldeërs en die wêreldse benoudhede nie, maar God se werk, sý wil moet volbring word. Dit moet in ons lewensfokus bly.

Juda is in ballingskap weggevoer, maar die oorblyfsel het teruggekeer. Christus is gebore. Aan sy Seun het God die oordeel voltrek. En Hy kom weer –as Redder vir die gelowiges, as Regter teen die ongelowiges. Wat staan in die middelpunt, die fokus van ons lewe: Ekself, my redding, my eer, my toekoms of God se Naam, sy ryk, sy eer?

Sing: Psalm 90:9 (Totius)

Ds. NJ van der Walt (Brits)